# SENDING: 'N PRINSIPIËLE BESINNING

*Prof David J. Bosch.*

## 1. Tradisionele sieninge

Vir baie eeue, maar veral vanaf die sestiende eeu, was sending beskou as daardie aktiwiteit van die Christelike kerk waardeur nuwe bekeerlinge onder mense van ander kulture (veral in die "Derde Wêreld") gewen word en nuwe kerke gestig word, min of meer gegiet in dieselfde vorm as die kerk in die Weste. Sending was kerkplanting of kerkuitbreiding. En die belangrikste middel vir die bereiking van die doel van sendingwerk was die mondelinge prediking van die Evangelie in die taal van die betrokke volk. Die uiteindelike doel van die sending was om *heil* aan mense oor te dra: Diegene wat in die goeie nuus van die Evangelie glo, sou verseker wees van ewige heil.

Hierdie verstaan van sending sluit inderdaad 'n aantal belangrike, ja selfs wesenlike, elemente in. Sending is egter meer as net bekeringswerk en kerkplanting.

1. Die oorheersende klem op *bekering* as die doel van die sending suggereer dat ons belangrikste taak in sending daarin bestaan om mense vir die hiernamaals voor te berei. Hulle moet Christus aanneem sodat hulle verseker kan wees dat hulle op pad na die hemel is. Die *motief* vir die aanneem van Christus is dus die betrokke persoon se eie verlossing. Volgens 'n verslag in die *Voorligter* van Desember 1985 verklaar Francis Grim in sy jongste boek *(Die hemel en die hel):* "Die belangrikste vraag waarmee elkeen van ons gekonfronteer is, lui: Waar sal ek die ewigheid deurbring?" Die doel van die sending is nou om indiwidue in staat te stel om te antwoord dat hulle die ewigheid in die hemel eerder as in die hel sal deurbring.

Ek meen dat dit 'n ongeregverdigde reduksie is van wat sending is en ook 'n verskraling van wat die Bybelse werkwoord "red" *(sōzein)* beteken. Mense word nie tot berou en bekering geroep slegs met die doel om langs hierdie weg 'n sitplek op die trein na die hemel te verseker nie; die doel van bekering is om volgelinge van Christus te word, om in sy diens te gaan staan. Natuurlik word sy volgelinge ook gered; Christene ontvang egter die ewige verlossing byna as iets toevalligs en sekondêrs. Om ons hele klemtoon hier te plaas, lei eenvoudig tot die kweek van vrome egosentrisiteit.

Om die hoofklem op *kerkplanting* as die doel van sending te plaas, los ook nie die probleem van geestelike egoïsme op nie. Hier word *indiwiduele* selfgesentreerdheid slegs verander in *kollektiewe* selfgesentreerdheid. Die kerk word baie maklik 'n doel op sigself. Dit vergaar en bewaar mense vir die hemel. Dit is 'n wagkamer vir die hiernamaals. Langs hierdie weg verander dit in 'n instituut vir selfbewaring wat mense uitnooi om die wêreld te verlaat. Volgens hierdie definisie gaan die kerk self nie in die wêreld in nie behalwe by wyse van evangelisasie-kampanjes. Die doel van die kerk is dan,

by wyse van beeldspraak, om drenkelinge uit die gevaarlike branders van die see te red en hulle in die reddingsbootjie van die kerk aan boord te neem.

In hierdie hele oefening word die baie denominasies van die Weste as modelle — selfs bloudrukke — geneem, en programme word aan die gang gesit om daardie denominasies in die Derde Wêreld in te plant of daarheen oor te plant — elke nuwe denominasie volledig met sy gemeente, sinodes, kerklike amptenary, geboue, teologiese seminaries, en al die ander toebehore vir selfhandhawing. Sending word dan verstaan as die weg van die geïnstitueerde kerk na die kerk wat nog geïnstitueer moet word. Die hele werklikheid word verdeel in "kerk" en "wêreld", en sending beteken die uitbreiding van die kerk ten koste van die wêreld. Meer en meer "brokke" van die wêreld moet verower word, in die kerk ingelyf word en deur die kerk bedien word. In die kerk is daar lig; buite is daar alleen duisternis.

3. As die doel van die sending primêr verstaan word as die insameling van bekeerlinge en/of die planting van kerke (selfs al sou ons, saam met Voetius, 'n derde doel vir die sending byvoeg, naamlik die "heerlikheid en manifestasie van die goddelike genade"), sal dit vanselfsprekend wees dat ons alle ander aktiwiteite op hulle beste as *hulpmiddele* vir sending sal beskou. Ons mag dan by voorbeeld, as 'n sendinginstansie, skole bou, *nie* omdat die onderwys in sigself part en deel van ons sending is nie, maar omdat ons hoop om die kinders te wen terwyl hulle nog jonk is. Ons mag ook hospitale en klinieke bou, nie omdat die bediening van die genesing deur ons as 'n integrale dimensie van die sending beskou word nie, maar omdat ons die oortuiging huldig dat siek mense meer ontvanklik as gesondes vir ons prediking aangaande ewige verlossing sal wees. Ons mag selfs in ontwikkelingsprogramme en aksies vir geregtigheid betrokke raak, nie omdat ons begryp dat Gods koninkryk 'n koninkryk van *sjalom* is nie maar primêr omdat ons graag geloofwaardig wil wees sodat mense na ons prediking sal luister.

Die probleem met sending wat (byna?) uitsluitlik as die prediking van bekering en kerkplanting verstaan word, is dat dit uit 'n diepgesetelde dualisme in baie kerk voortvloei. Dit is 'n deel van ons Griekse erfenis, en ons is skynbaar nie in staat om dit af te skud nie. Dus openbaar ons voortdurend die neiging om 'n onversoenbare kontras te sien tussen siel en liggaam, woord en daad, anderwêrelds en binnewêrelds, ewig en tydelik, geestelik en materieel, verlossing en bevryding, evangelisasie en sosiale betrokkenheid.

## 2. Die sendingpraktyk

Gelukkig is ons sendingpraktyk dikwels beter as ons sendingteorie! Ten spyte van die enge definisie van sending wat aan hulle oorgelewer is, het sendelinge dikwels, deur al die eeue, baie meer gedoen as om net ewige verlossing te verkondig. Hulle het by voorbeeld die vriende geword van die mense na wie hulle gegaan het en hulle ellende ter harte geneem, nie slegs hulle geestelike ellende nie maar

ook die liggaamlike. Natuurlik was die vroeëre sendelinge kinders van hulle tyd (soos ons van ons tyd!). Dus het nie baie van hulle direk in politieke aangeleenthede betrokke geraak nie. Dikwels was hulle, vir die uitvoering van hulle sendingtake, van die goedgesindheid van die koloniale en ander owerhede afhanklik; hulle was dus meesal nie bereid om hierdie owerhede in die harnas te jaag nie. Die sendelinge het dikwels ook geglo dat die uitbreiding van die Westerse koloniale gesag in Afrika en Asië tot die voordeel van Afrikane en Asiate sou wees; hulle het soms selfs aktief deelgeneem aan die uitbreiding van koloniale belange, Westerse beskawing en handel. Om die waarheid te sê: in sommige kringe was die leuse dat die Weste die roeping gehad het om die drie groot C's na Afrika te bring: Christianity, commerce en civilization. Een-honderd-en-sestig jaar gelede het die beroemde dr. Philip van die Londonse Sendinggenootskap die bou van sendingstasies op die Oos-Kaapse grens gepropageer aangesien hy geglo het dat die Xhosa, as hulle Christene sou word, gewilliglik Britse gesag sou aanvaar; sendingstasies, so het Phllip geredeneer, was die goedkoopste middele om die kolonie se grense te beskerm en 'n gewaarborgde instrument vir die uitbreiding van Britse belange.

Tog was daar deur al die eeue altyd ook sendelinge wat bereid was om vir hulle die gramskap van die koloniale owerhede op die hals te haal ter wille van die gekoloniseerdes. In die sestiende eeu was daar by voorbeeld die Spaanse Dominikaanse sendeling. Antonio de Montesinos, wat 'n striemende aanval op die Spaanse koloniste in die Karibiese eilande geloods het vanweë die wyse waarop hulle hulle Indiaanse plantasiewerkers behandel het. Hy het vir daardie Spaanse Katolieke gesê dat, indien hulle sou voortgaan om hulle arbeiders te mishandel, hulle net so min hoop op redding sou hê as die More en die Turke en dat hy en sy mede-priesters net so min bereid sou wees om hulle vir die bieg en absolusie te ontvang as wanneer hulle struikrowers sou gewees het. 'n Ander Katolieke sendeling, Bartolomé de Las Casas, het die kampvegter vir die Indiaanse stamme op die Suid-Amerikaanse vasteland geword. Vir meer as vyftig jaar, vanaf 1514 tot sy dood in 1566, het hy, in die aangesig van die wrede Spaanse kolonisasieprogramme, onvermoeid en aanhoudend as pleitbesorger van die saak van die Indiane opgetree.

Daar was natuurlik ook dergelike voorbeelde onder Protestantse sendelinge. William Carey, die Britse Baptiste-sendeling wat algemeen as die vader van die moderne sending beskou word, was by voorbeeld by 'n boikot teen suikerinvoere vanaf Wes-Indiese plantasies betrokke omdat daardie plantasies deur slawe bewerk was, en ook in proteste teen slawerny in Brittanje en die kaste-stelsel in Indië. Die stigters en ondersteuners van die Londonse Sendinggenootskap en die Church Missionary Society het William Wilberforce en andere wat hulle vir die vrylating van die slawe dwarsdeur die Britse ryk beywer het, aangesluit. Christian Blumhart, een van die stigters van die Baselse Sending, het op sy beurt die eerste groep Baselse sendelinge opgeroep om nooit te vergeet hoe skandelik men-

se wat hulleself Christene noem, Swartmense behandel het nie en ook om deur woord en daad te vergoed vir die onregte wat Blankes Swartes aangedoen het. Henry Venn, die beroemde algemene sekretaris van die Church Missionary Society vir verskeie dekades gedurende die negentiende eeu, het weer die CMS-sendelinge aangemoedig om hulleself tussen die verdrukker en die onderdrukte te stel, tussen die tirannie van die Westerse kolonisasie en die menseregte van die volke van Afrika en Asië wie se morele en fisiese voortbestaan bedreig was.

Ons sou nog baie ander sulke voorbeelde kon opnoem. Baie meer het egter onopgemerk vir die buitewêreld gebly en dus ken ons nie eens hulle name nie.

Baie van die sendelinge waarna ek verwys het, manne sowel as vroue, het met die enge definisie van sending wat ons vroeër geskets het, begin. Die werklikhede van die konteks waarin hulle hulleself bevind het, het egter gaandeweg hulle oë vir ander dimensies van sending geopen, dimensies waarvan hulle totaal onbewus was. 'n Onlangse voorbeeld is die van aartsbiskop Oscar Romero van El Savador wat deur 'n sluipmoordenaar doodgeskiet is terwyl hy in Maart 1980 besig was om die mis te vier. Romero se verkiesing, in 1977, tot aartsbiskop van San Salvador het die konserwatiewe 'establishment', kerklik sowel as polities, baie verbly. Hier was 'n man, so het hulle geglo, wat hom streng by geestelike dinge sou bepaal, en enige sosiale en politieke betrokkenhede sou vermy! In die korte duur van drie jaar het Romero egter verander tot 'n kampvegter en pleitbesorger vir die armes en onderdruktes in El Salvador. Dit het gebeur, "to the delight of the poor, ... to the fury of the powerful, to the amazement of the government of El Salvador, (and to) the discomfiture of the Vatican ..."[1]). In die een pastorale brief na die ander (Romero het vier van hierdie briewe tussen April 1977 en Augustus 1979 geskryf) tree die profiel van die aartsbiskop-van-die-verdruktes al duideliker na vore.

Die punt wat ek hier probeer maak, is dat Romero se toenemende betrokkenheid by aangeleenthede van vrede en geregtigheid sowel as die aktiwiteite van die baie vroeër pioniers waarna ek verwys het, nie 'n wegbeweeg van die sentrum van die Christelike geloof en die kerk se sending beteken het nie, maar juis 'n al duideliker beweging *na* die sentrum *toe*. Stanley Jones, wat die godsdienste van Asië, veral die Hindoeïsme en die Boeddhisme, so goed geken het, was heeltemaal korrek toe hy gesê het, terwyl hy die verskillende godsdienste se houdings teenoor sosiale betrokkenheid, hervorming en geregtigheid bespreek het: "the non-Christian faiths carry on reform as they move away from their base, the Christian faith as it moves towards its base"[2]).

## 3. Sending in koninkryksperspektief

Om by geregtigheid, ontwikkeling, reformasie en vrede betrokke te raak, behoort dus instrinsiek tot die Christelike geloof en die Christelike sending. En dit behoort ons hoegenaamd nie te verbaas nie. Immers, die Christelike geloof het te make met die Koninkryk van God en daardie koninkryk hou verband met alle fasette van die

menslike bestaan. Die Koninkryk van God is die bybelse term vir Gods betrokkenheid by die hele geskape werklikheid, vir *sjalom,* vir versoening tussen God en sy mense en tussen mense onderling, vir geregtigheid en billikheid.

Dit was gebruiklik om, vanaf die beginjare van die Protestantse sending, na sendingwerk te verwys as werk aangaande die "uitbreiding van die Koninkryk van God". In die meer onlangse verlede het baie mense begin om hierdie motto as voorbarig af te maak: wie is ons om te dink dat ons nietige sendingpoginkies die Koninkryk van God sou kon uitbrei? Ten spyte van sulke besware het hierdie tradisionele Protestantse spreuk egter inderdaad 'n mate van geldigheid. Sending is inderdaad koninkrykswerk. Dit het te doen met die totale werklikheid wat verander moet word tot dit wat God wil hê dit moet wees.

Dit is, om die waarheid te sê, die manier waarop Jesus ook sy eie sending verstaan het:

Die Gees van die Here is op my
omdat Hy my gesalf het
om die evangelie aan armes
te verkondig.
Hy het my gestuur
om vrylating van gevangenes
uit te roep
en herstel van gesig vir blindes
om onderdruktes in vryheid
uit te stuur,
om die genadejaar van die Here
aan te kondig (Luk. 4 : 18—19).

In sy eie sendingbetrokkenheid het Jesus sondaars en uitgeworpenes ontvang en het hy hom oor Samaritane en heidene ontferm. Van besondere belang was sy bediening van eksorsisme. Hierdie aspek van sy bediening, meer as enige ander aspek, was 'n aanduiding dat die universele konflik tussen die koninkryk van God en die koninkryk van Satan uitgebreek het. Die demone het op die toneel verskyn as 'n poging van die Satan om die aanspraak van die Koning van alle konings op sy skepping in die wiele te ry; deurdat hy hierdie demone uitgedryf het, het die lydende Messias as't ware sy koninkryk voor tiranne en indringers weggeraap en so die werke van die duiwel op aarde vernietig.[3])

Ons word opgeroep om in Jesus se voetstappe te volg. In Matteus 10, vers 8, met 'n uitdruklike appèl aan die nabyheid van die koninkryk, beveel hy sy dissipels: "Maak siekes gesond, wek dooies op, reinig melaatses en dryf duiwels uit". Wat van daardie eerste dissipels gegeld het, geld ook van ons. Ons het ook die verantwoordelikheid om sy werk van verkondiging, genesing, onderwys, ywer vir geregtigheid en vrede, en die afbreek van skeidsmure van vooroordeel en diskriminasie, voort te sit. "Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook" (Joh 20 : 21). Ons sending is om deel te hê aan die sending wat Jesus begin het, die sending van die inhuldiging van die Koninkryk van God. Die spesifieke manier waarop ons dit

doen, mag met die verloop van tyd verander, ooreenkomstig die konteks waarin ons ons mag bevind, maar die wese daarvan bly dieselfde: om betrokke te wees in sending is om deel te hê aan die uitbreiding van Gods koninkryk.

Sending is dus baie meer as die red van siele, baie meer as die vertaling van die Bybel in nuwe tale, baie meer as die planting van jong kerke. Sending is al hierdie dinge — natuurlik — maar dit is ook baie meer as al hierdie dinge.


## 4. Drie beelde vir die sending

Ten einde meer eksplisiet te wees oor wat sending is, gaan ek vervolgens 'n paar beelde of paradigmas vir sending gebruik, en met die hulp van modelle en diagramme probeer verduidelik hoe sending verstaan behoort te word.

### 4.1 Die breking van strale deur 'n prisma

As lig deur 'n prisma gaan, word dit in verskillende kleure gebreek — die sewe kleure van 'n reënboog. Elke kleur is verskillend van al die ander, tog spruit hulle uit dieselfde bron voort en vorm hulle saam 'n eenheid.

Op dieselfde wyse het die kerk se missionêre betrokkenheid sy oorsprong in die *missio Dei,* in God wat ons in die wêreld ingestuur het. God stuur ons om die hele evangelie aan die hele wêreld te bring, en terwyl ons dit doen, neem ons praktiese sendingbetrokkenheid verskillende vorms aan wat mekaar wedersyds aanvul. Laat ons dit met 'n beeld verduidelik: Soos die lig van die goddelike opdrag (die missio Dei) deur die prisma van die evangelie van die vleesgeworde Christus gaan, breek daardie lig in verskillende sendingrolle uiteen.[4])




Hierdie sendingrolle mag natuurlik van konteks tot konteks verskil, na gelang van die omstandighede waarin die kerk-in-sending homself bevind. Dit sal egter altyd 'n oproep tot berou en bekering insluit, sowel as een of ander vorm van praktiese koninkryksbetrokkenheid. Ons mag by voorbeeld — in 'n gegewe konteks — betrokke raak in sending as evangelisasie, genesing, ontwikkeling, profetiese getuienis, sosiale aksie projekte, vir geregtigheid en vrede, diakonale hulp, ens.

Aktiwiteite soos die pas genoemdes sou dus die verskillende spektrale kleure kon wees waarin die *missio Dei* oopgebreek word. En elkeen van hierdie rolle is net so integraal tot ons sending as enige ander rol. Ons betrokkenheid in ontwikkeling en aangeleenthede van geregtigheid is nie minder missionêr as ons evangelisasieprediking nie. Nog veel minder mag ons sodanige betrokkenheid slegs as 'n wegbereider vir wat ons as "ware" sending beskou, opvat. Al hierdie rolle, tesame geneem, dui ons missionêre aktiwiteit as koninkrykswerk aan en hulle is wedersyds van mekaar afhanklik.

## 4.2 Die CMS-model

Dit help om verskillende modelle of beelde te gebruik om ons missionêre betrokkenheid uit te beeld. Elke addisionele model help om die veelsydige werklikheid van die kerk se sendingaktiwiteite beter te verstaan. Dus wil ek nou — as 'n tweede poging — 'n diagram gebruik wat deur die Church Missionary Society (CMS) in Brittanje ontwerp is:



In hierdie diagram verteenwoordig die grootste sirkel die sending, of liewer die kerk-in-sending. Die drie kleiner sirkels dui die drie belangrikste elemente of dimensies van die totale sending van die kerk aan soos die CMS dit verstaan; en elk van hierdie drie is ewe onontbeerlik. Laat ons na elkeen van hulle kyk.

1. *Deel in die verspreiding van die evangelie:* Hierdie dimensie van die sending word gewoonlik *evangelisasie* genoem. Dit is daardie aktiwiteit van die kerk waardeur mense tot geloof in en 'n persoonlike verbondenheid aan Christus as Heer en Verlosser en ook as lid van 'n gemeenskap van gelowiges geroep word. Hierdie aspek is nie onderhandelbaar nie. Tensy die kerk Christus en die boodskap van bekering tot hom verkondig, is dit *nie* by sending betrokke nie. 'n Sendingonderneming waar hierdie dimensie ontbreek, het dus opgehou om *Christelike sending* te wees.

2. *Deel in die vernuwing van die kerk:* Sommige mense betoog dat die kerk eers vernuwe moet word *voordat* dit by 'n evangelisasieaksie betrokke kan raak. Hulle sê dus: "Kom ons begin met 'n program van kerkopbou en vernuwing; wanneer ons dit bewerkstellig het, kan ons verder begin kyk en byvoorbeeld 'n evangelisasieveldtog loods." Ander betoog vir presies die teenoorgestelde standpunt: As ons kerk by sending en evangelisasie betrokke raak, sal dit outomaties 'n mate van geestelike herlewing ervaar. Dus sê hulle: "Kom ons stuur 'n evangelisasieprogram in ons omgewing of verder in die wêreld van stapel *sodat* ons kerk vernuwing mag ondervind".

Ek dink nie dit is moontlik om by voorbaat te sê wat eerste kom nie, sending of vernuwing. Wat ek wel weet, is dat die twee gewoonlik saamgaan. 'n Kerk wat vernuwe is, raak betrokke by sending en evangelisasie; 'n kerk-in-evangelisasie ondervind vernuwing — dit wil sê as sowel die evangelisasie as die vernuwing eg is, want dit is ook moontlik dat hulle *nie* eg is nie. As 'n kerk evangelisasiewerk doen sonder dat dit vernuwing ondervind, is dit *nie* in evangelisasie betrokke nie maar in propaganda, dit wil sê dit is besig om net sy eie getalle te laat toeneem en sy invloedsfeer uit te brei. Insgelyks, as 'n kerk beweer dat dit vernuwe is maar nie by egte evangelisasiewerk betrokke is nie, is daardie sogenaamde vernuwing oneg: So 'n kerk is besig om geestelik net vetter te word, nie fikser nie.


3. *Deel in die skepping van 'n gemeenskap wat op die beginsels van die evangelie gebaseer is:* Hierdie is, volgens die CMS, die derde onontbeerlike dimensie van sending. Sending is groter as evangelisasie en kerkvernuwing. Sending beteken dat mense geroep word tot 'n betrokkenheid in die strukture van die samelewing waarin hulle woon en ook elders in die wêreld; dit beteken betrokkenheid in aangeleenthede van geregtigheid, vrede, ontwikkeling en liefdadigheid, in dinge wat die gesin, die gemeenskap, die nasie en die wêreld raak. As ons evangelisasie mense uit die wêreld uitroep sonder om hulle terselfdertyd weer in die wêreld in te stuur, is dit nie evangelisasie nie, maar ontsnapping. As dit in ons kerkvernuwing slegs om ons eie kerk gaan en nie om die samelewing nie, het ons

nie met vernuwing te doen nie maar slegs met die opbou van ons eie geestelike koninkryk en 'n bolwerk van ons eie belange.

Hierdie drie dimensies konstitueer dus *gesamentlik* die sending van die kerk: deel in die verspreiding van die evangelie, in die vernuwing van die kerk, en in die skepping van 'n gemeenskap wat op die beginsels van die evangelie gebou is.

Natuurlik funksioneer hierdie drie dimensies nie in isolasie van mekaar nie. Hulle oorvleuel mekaar. Of liewer, hulle gryp in mekaar soos ons diagram ook aantoon. Hulle word saamgehou in die persoon en bediening van die gekruisigde en verrese Christus. Hierdie werklikheid moet ons totale sendingaksie deursuur anders hou dit op om Christelike sending te wees. Maar presies vanweë die feit dat die teenwoordigheid van die lewende Christus ons totale sendingaksie deurdrenk, is dit gewoonlik nie moontlik om, in enige spesifieke bedieningsaksie, te sê of daardie aksie uitsluitlik evangelisasie, kerkvernuwing of sosiale betrokkenheid is nie. Enige sendingdaad is in werklikheid gewoonlik drie-dimensioneel.

4.3 *Die beeld van die oorsteek van grense.* Daar is nog 'n derde model waarmee ons die kerk se sending kan verduidelik. Ons kan byvoorbeeld na sending verwys as die Christelike bediening van die oorsteek van grense of van die afbreek van skeidsmure. Om te illustreer wat ons hiermee bedoel, wil ons ons vorige diagram effens wysig:



In sy sendingbetrokkenheid tree die kerk uit homself uit, in die wye wêreld in. Dit steek alle soorte grense oor en breek skeidsmure af. Laat ons sommige hiervan aandui.

Eerstens is daar die *geografiese* grens. Sending beteken om geografiese grense oor te steek: om van Jerusalem na Judea en Samaria te gaan en ja, tot die eindes van die aarde. Daar is vandag Christene in elke land op aarde alhoewel die kerk se bestaan in sommige van hierdie lande baie prekêr is.

Tweedens is daar die *grense van godsdiens*. Die Christelike godsdiens, soos die Islam, is 'n *missionêre godsdiens*. Sulke godsdienste poog om mense van ander oortuigings tot bekering te bring. In die verlede het Christene dikwels hulle geloof op 'n arrogante en aggressiewe wyse gepropageer. Ons begin nou leer dat die ware Christelike gees daarin bestaan dat ons ons boodskap aan mense van ander godsdienste in nederigheid en in die gesindheid van 'n dienskneg behoort te verkondig. Dit beteken natuurlik nie dat ons Christus op 'n onseker manier verkondig nie, asof ons nie heeltemaal oortuig is van wat ons glo en waarom ons glo nie; dit beteken eerder dat die Een wat in hierdie wêreld in die vorm van 'n dienskneg gekom het, nie aan nie-gelowiges in 'n gesindheid van baasspelerigheid en beterweterigheid verkondig kan word nie.

In die derde plek is daar die grense van die *kultuur*. Die evangelie is verstommend beweeglik. Dit gaan die hart van elke menslike kultuur binne en verander dit van binne uit.

Vervolgens is daar die skeidsmuur van *ideologie*. Vir 'n veels te lang periode het Christene opgetree asof die Christelike geloof onherroeplik tot die Weste en die wêreldbeskouing van die Weste verbind is, insluitende die Weste se ekonomiese stelsel van kapitalisme wat op indiwidualisme en persoonlike verryking gebaseer is. Die oorspronge van ons geloof lê egter in 'n samelewing wat fundamenteel verskil het van die moderne sogenaamde vryeondernemingstelsel; dit was 'n samelewing wat deelnemend van aard was en wat meer vir mense as vir hulle materiële besittings omgegee het. Ons begin vandag sommige van hierdie ou wortels van ons geloof herontdek.

Vyfdens is daar die skeidsmuur van *sosiale klas*. Die vroeë Christelike kerk was die kerk van die laer klasse. Nadat die Christelike godsdiens die amptelike religie van die Romeinse Ryk geword het, het die situasie verander. Die kerk het enorme skatte en rykdomme vergader. Om 'n Christen te wees, het nou beteken om 'n bevoorregte posisie in die samelewing te beklee. Sosiale status en rykdom het ook tot posisies van mag en invloed gelei. Die Christendom was die godsdiens van die heersende groepe. Dit was hierdie soort Christendom wat gedurende die koloniale periode na die Derde Wêreld uitgevoer is. Die boodskap wat teen wil en dank aan die mense van die Derde Wêreld gekommunikeer is, was dat hulle ook Christene moes word indien hulle 'n aandeel aan die mag en voorregte van die Westerse Christene wou kry.

In die loop van die twintigste eeu het die toneel egter ingrypend verander. Eers in Rusland, en daarna in een land na die ander, het dit 'n nadeel geword om 'n Christen te word eerder as 'n voordeel.

Christene is dikwels vervolg, soms selfs doodgemaak. Die kerk het weer eens geword wat dit gedurende die eerste drie eeue was: 'n Kerk sonder voorregte, 'n kerk nie van die rykes nie maar van die armes, nie van die magtiges nie maar van die magteloses, nie van diegene in die sentrum nie maar die op die periferie. Hierdie toedrag van sake is in baie dele van die wêreld so nuut dat die kerk nog steeds verleë daarmee is en nie weet hoe om dit te hanteer nie. Ons is gewoond aan sending vanuit 'n posisie van rykdom en mag. Hoe pas ons by 'n totaal nuwe situasie aan?

Ons word dikwels daaraan herinner dat daar nog steeds meer as drie-duisend miljoen mense in die wêreld is wat nie in Christus glo nie. Dit is soos ons hulle gewoonlik gesien het: hulle was mense wat nog geëvangeliseer moes word, wat hulle dus nog buite die kerk bevind het. Meer onlangs het ons stadigaan begin ontdek dat die oorgrote meerderheid van hierdie nie-Christene ook arm en verdruk is of, om dit anders om te stel, dat, in die geheel gesproke, die armes en die nie-Christene dieselfde mense is. Die mense wat tot geloof in Christus moet kom is ook die mense wat voedsel en beskutting nodig het.

Die sesde skeidsmuur wat die kerk in sending geroepe is om te deurbreek, is die skeidsmuur van *rassisme* en *tribalisme*. Dit is natuurlik vir mense om barrikades op te rig om vreemdelinge uit te hou en dan daaragter te skuil, om hulle eie etniese belange te vertroetel. Die kerk mag egter nooit 'n spieëlbeeld van die vrese en swakhede van 'n spesifieke etniese groep word nie. As dit wel gebeur, loop die kerk gevaar om op te hou om die kerk van Christus te wees en 'n klub vir religieuse folklore te word. Vanweë sy wesensaard stoot die Christelike sending heinings tussen mense om en verander dit vyande in vriende. Dit verkondig en demonstreer dat daar in Christus geen Jood of Griek meer is nie, geen Swartmens of Blanke nie, geen Zoeloe of Soto nie.

Die sewende en laaste grens wat ons in ons sending moet oorskry, is die skeidsmuur wat *kerke of denominasies op 'n afstand van mekaar hou.* 'n Spotprentkarakter in die *World Christian Encyclopedia* illustreer die tragedie van hierdie toedrag van sake op 'n baie treffende manier.



Vanselfsprekend kan ons nie al hierdie verskillende denominasies wegwens nie; ons sal seer sekerlik ook nie daarin slaag om een monolitiese wêreldwye kerkstruktuur daar te stel nie. Maar die minste wat ons kan doen is om mekaar te aanvaar en mekaar as broers en susters te behandel, nie as mededingers of self vyande nie. Indien ons dit sou doen, sou dit die addisionele voordeel hê dat dit ons sendingboodskap meer geloofwaardig sal maak in 'n wêreld wat dikwels net ons gekyf en haarklowery aangaande sake wat vir buitestaanders totaal irrelevant lyk, kan sien.

Laat my nou kortliks na my laaste diagram terugkeer. In die uitvoering van ons sending, dit wil sê in die oorsteek van die sewe grense wat ons aangedui het, het ons *mense, middele,* en *insigte* nodig.

Eerstens, dan, het ons *mense* nodig. God, in sy onmeetlike wysheid, het dit so bepaal dat sy sending op aarde deur mense uitgevoer sal word, deur gewone feilbare mense soos ons. God kon besluit het om engele of ander bo-menslike geeste as sy gesante te gebruik. Hulle sou seer sekerlik veel meer effektief as mense gewees het! Tog het hy besluit om sy sending aan brose "kleipotte", soos Paulus sendelinge beskryf (2 Kor. 4 : 7), toe te vertrou. Die Bybel beskryf mense-in-sending nie as "kanale" of "instrumente" nie; die suggestie is dus nie dat sendelinge se taak daarin bestaan dat hulle as't ware 'n suiwere en aseptiese boodskap moet oordra nie. Nee, die Bybel noem ons *takke* of *ambassadeurs.*

'n *Tak* se eerste taak is om die voedingskrag wat vanuit die wortels en die stam kom, te absorbeer. Hy moet homself toelaat om deur daardie krag vernuwe te word. Hy word verander deur daardie krag en moet op sy beurt weer vrugte dra.

Die beeld van die *ambassadeur* (vergelyk 2 Kor 5 : 20) is basies dieselfde. 'n Ambassadeur is meer as slegs 'n geleibuis vir boodskappe aan en van sy regering. Hy is nie dieselfde as die diplomatieke possak nie. Hy is 'n persoonlike verteenwoordiger van sy regering, die beliggaming van die een wat hom stuur.

In die tweede plek het hierdie mense-in-sending *middele* nodig. Dit sluit baie dinge in en neem baie vorms aan. 'n Fundamentele bron is seer sekerlik ons geloof in God en biddende afhanklikheid van hom. Die tak moet uit die Ware Wynstok groei en daarin bly. Die ambassadeur moet in permanente en intieme kontak bly met die Een wat hom gestuur het. Maar hulpbronne of middele sluit meer as slegs bogenoemde in, hoe belangrik dit ookal is; dit sluit ook materiële fasiliteite in, en kommunikasiekanale, media-netwerke, finansies en natuurlik toewyding en vindingrykheid.

In die derde plek het ons *insigte* nodig. Om toegewyde Christene te wees, is belangrik vir ons sendingwerk maar dit is nie genoeg nie. Ons het *inligting* nodig. Dit is nodig dat ons ons samelewing sal *verstaan,* dit is nodig dat ons ons land en sy geskiedenis *bestudeer,* dit is nodig dat ons die historiese en ideologiese magte wat in die wêreld en in ons eie omgewing werksaam is, sal *ken,* dit is nodig dat ons die wil van God vir sy kerk sal *onderskei,* dit is nodig dat ons die *werklikheid* vanuit die perspektief van die koninkryk van

God sal *sien*, dit is nodig dat ons van mekaar sal *leer* watter vorm ons sending behoort aan te neem; langs hierdie weg sal die insigte wat ons verkry, ons toerus vir sending as die oorsteek van grense.

---

Samevattend dan, is dit nodig dat ons ons missionêre betrokkenheid in meer omvattende kategorieë sal sien as wat ons in die verlede gewoond was om te doen. "Sending" staan vir die totale taak waartoe God die kerk ter wille van die heil van die wêreld gestuur het. Die Een wat ons in die wêreld ingestuur het, het daardie bevel ingelui met die verklaring: "Aan My is alle mag gegee, in die hemel en op die aarde" (Matt. 28 : 18). In die kerk se sending lê Christus beslag op die hele wêreld. Die wêreld erken nog nie Christus se gesag nie. Sy heerskap is nog nie openlik en finaal onthul nie. In ons sendingwerk begin ons 'n aandeel kry in die manifestering van daardie kerkmense: ons is koninkrykmense. Koninkrykmense soek eers die koninkryk van God en Sy geregtigheid (cf. Matt. 6 : 33); kerkmense plaas dikwels hulle kerklike programme bo hulle betrokkenheid by geregtigheid en vrede.

Sending is dus die uitdrukking van God se belangstelling in die hele wêreld in al sy dimensies. In die sending dra God dit aan die kerk op om betrokke te raak by *Sy* bediening aan die wêreld. In sending word die heerskappy van Christus in en deur die lewens, woorde en dade van sy dissipels gemanifesteer. Sending kom tot uitdrukking in die bediening van die getuienis, die bediening van die versoening, die bediening van geregtigheid, die bediening van vergewing en die bediening van bevryding. Dit is 'n kombinasie van *kerugma, diakonia, marturia* en *koinonia*. In die sending word Christus aan die hele wêreld gewys. Sending is die Fees van die Epifanie wat op 'n wêreldskaal gevier word.

Sending vind daar plaas waar die kerk, in sy totale betrokkenheid by die wêreld, getuienis aflê in die gedaante van 'n dienskneg, met verwysing na ongeloof, uitbuiting, diskriminasie en geweld, maar ook met verwysing na heil, genesing, bevryding, versoening, en geregtigheid.

*Gelewer voor byeenkoms van Sendelinge en Sendingdeputate Mei 1986.*

## NOTES

1. Ignacio Martín-Baró, in Oscar Romero, **Voice of the voiceless**. Maryknoll: Orbis Books, 1985, p. 1.
2. E. Stanley Jones, **Christ at the Round Table**. London: Hodder & Stoughton, 1928, p. 57.
3. Cf. Ernst Käsemann, Die endzeitliche Königsherrschaft Gottes, in Martin Lehmann-Habeck (ed.) **Dein Reich komme**. Bericht der Weltkonferenz für Mission und Evangelisation in Melbourne 1980. Frankfurt: Otto Lembeck, 1980, pp. 118—120.
4. Cf. John J. Jonsson, An elliptical understanding of mission and its roles, **Missionalia** 11 : 1, April 1983, pp. 6—7.